

Drie kan dien as barometers in SA

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/drie-kan-dien-as-barometers-in-sa-20180713>

Julie 2018 is 'n goeie maand om te kyk na die lewensverhale van Suid-Afrikaners. Vir sommige mense is Nelson Mandela se lewensverhaal die verhaal van 'n heilige, vir ander weer die van 'n idool (*idol*) en vir nog ander is dit die lewensverhaal van 'n ikoon. Wie jy is en wat jou oortuigings is oor ons land, sal bepaal in watter kategorie jy hom plaas. Wat is die verskil tussen 'n heilige, 'n idool en 'n ikoon soos wat die historikus Willem Frijhoff die konsepte onderskei? Breedweg gesien stel heiliges deur hulle persoonlike lewens self 'n goeie voorbeeld. In die ouer Rooms Katolieke tradisie word heiliges ook gesien as diegene wat gegewe hulle voorbeeldige lewens 'n besonder noue band met God het en dus ook vir diegene wat nog op aarde is, kan intree by God. Oor die algemeen gesien, en in 'n meer moderne verstaan van die konsep, is heiliges mense wat voorbeeldige lewens gelei het en daarvoor onthou en vereer word. Ek vermoed dis 'n idee wat heel goed resoneer met die Afrika gedagtegoed rondom voorouers wat, afhangende van hulle lewens, onthou word of nie. Idole aan die ander kant se voorbeeldige lewens word deur ander aan hulle toegeskryf, of daardie weergawe werklikheidsgetrou is of nie, maak nie saak nie. 'n Idool is ook 'n afgod, 'n valse god, maar 'n idool het vir diegene wat die afgod aanbid of vereer, inderdaad 'n magiese krag. So is die idool nie die tussenganger tussen die mens en God soos 'n heilige wat iemand help om by die bron van krag uit te kom nie, maar die idool verteenwoordig self goddelike krag. Die aanbieder van 'n idool beleef dat hy 'n persoonlike verhouding met daardie idool het en selfs krag put uit daardie verhouding (tieners wat Ed Sheeran verafgod of fans wat Ronaldo aanbid). Ikone is anders as beide heiliges en idole, want 'n ikoon, juis ook 'n mens as ikoon, is 'n teken wat verwys na dit wat dit uitbeeld. 'n Icoon kan negatief wees, soos 'n ikoon van onderdrukking en massamoorde, maar uiteraard ook positief, soos 'n ikoon van bevryding of versoening of demokrasie. Die funksie van 'n ikoon is nie om vereer of selfs aanbid te word nie, maar om herinnering te ontlok. Die positiewe ikoon wys dat dit wat hy voorstel, daardie bevryding of versoening, ook in die toekoms haalbaar is. Natuurlik vervloei hierdie kategoriee van heilige, idool en ikoon baie gereeld soos wat verskillende mense een en dieselfde persoon en sy of haar lewensverhaal, verskillend takseer. Dit is juis dan wanneer dinge interessant begin raak. Ter illustrasie kyk ek kortliks na drie Suid-Afrikaners, te wete Manche Masemola, Julius Malema en natuurlik Nelson Mandela.

Ja, ek besef, die meeste lesers dink nou: Manche wie? Manche Masemola (1913-1928), 'n meisie uit Limpopo, se standbeeld pryk tussen die standbeelde van onder meer Oscar Romero, Martin Luther King Jnr en Dieterich Bonhoeffer op die fassade van Westminster Abdy in Engeland. Manche Masemola is 'n egte twintigste eeuse Suid-Afrikaanse martelaar wat, net soos die ander name wat genoem is, vir haar geloof gesterf het. Sy word onthou word vir haar dapper lewe en woorde: "In my eie bloed sal ek nog gedoop word". Manche Masemola is in 1913 in die destydse Transvaal gebore. In 1919 het 'n Anglikaanse priester naby aan waar sy en haar familie gewoon het 'n sendingstasie begin en Manche en haar suster het die dienste begin bywoon en ook sy kategeseklasse. Haar familie het gevrees dat Manche se blootstelling aan die Christelike geloof en gepaardgaande opvoeding haar sal vervreem van hulle tradisionele kulturele waardes, ook dat sy dan nie met die man sal wil trou wat hulle vir haar gekies het nie. Sy is voortdurend om hierdie redes mishandel en op 4 Februarie 1928 het haar ouers haar na 'n eensame plek gelei en daar vermoor en begrawe. Tans besoek duisende mense jaarliks haar graf. In 1975 is haar naam opgeneem in die kalender van die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika en haar standbeeld pryk op Westminster Abdy, duidelike kenmerke van heiligheid en haar lewe as martelaar dra ook ikoniese trekke ten opsigte van dapperheid en deurstellingsvermoe. Uit dieselfde deel van ons land

kom Julius Sello Malema (1981-) wat by 'n enkelouer moeder ('n huiswerker) grootgeword het en alreeds op nege by die ANC aangesluit het. Sy eerste joppie was glo om NP plakkaat te verwyder. Sy politieke loopbaan is vandag alombekend, vanaf leier van die ANC Jeugliga tot leier van die EFF. Met sy rooi klere en beret herinner sy beeld ongetwyfeld aan die van Che Guevara. Che Guevara is 'n ikoon van die revolusie, 'n idool van miljoene met sy gesig op hulle T-hempde en as heilige word baie kerse by sy graf gebrand en gebede opgese. Malema leef nog, maar die T-hempde en berets is alreeds daar. Vyf jaar na Manche Masemola se geboorte is Nelson Rolishlahla Mandela (1918–2013) in Mvezo in die Oos-Kaap gebore. Mandela se lewe is vir alle Suid-Afrikaners oorbekend: sy grootword jare, sy studies, sy politieke betrokkenheid en verset, die Rivonia verhoor, 27 jaar op Robbeneiland, sy vrylating, sy presidentskap en sy wereldwye bydrae tot en met sy dood in 2013. Vandag pryk sy standbeeld oral oor Suid-Afrika, sy naam bly steeds op baie lippe en op ontelbare naambordjies van strate, geboue en instellings.

Drie Suid-Afrikanders, drie lewensverhale en 'n mens wonder wie van hulle is die heilige, wie die idool en wie die ikoon? 'n Maklike antwoord is: Masemola is die heilige, Malema die idool en Mandela die ikoon. Is dit egter so eenvoudig? Myns insiens vervloei hierdie kategoriee en eien verskillende Suid-Afrikaners die drie op verskillende wyses vir hulself toe. Vir sommiges is Mandela die ikoon van versoening, vir 'n deel van ons land se jeug is hy 'n negatiewe ikoon wat hulle uitverkoop het en dus eerder 'n soort afgod wat hul ouers verlei het. Vir baie mense is Malema eerder die idool wat verlei, maar vir ander weer is hy 'n ikoon van bevryding en grens sy persoon al aan die van 'n lewende heilige. Nog ander sal die heilige Masemola weer sien as iemand wat haar tradisionele wortels versaak het en dus nie heilige of ikoon is nie, maar eerder idool van kolonialisme. Dit sal interessant wees om die voortgaande toe-eiening van hierdie drie persone dop te hou en juis ook te kyk op watter wyses hulle by wie toegeeien word. Wie is teen Julie 2018 vir my Suid-Afrika se heiligies, wie is die idole en wie is die ikone? Hierdie sekulere 'cult of saints', in die taal van Peter Brown, is dalk 'n interessante barometer om te meet hoe mense se oortuigings tans daar uitsien. So ja, vertel vir my wie jou heilige, idool of ikoon is, en ek se vir jou wat die kleur van jou onderrok is. Self sal ek op 18 Julie my Madiba T-hemp aantrek en dankbaar 'n kersie brand vir Nelson Rolihlahla Mandela.